



REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

24/98

**IN DIE HOOGSTE HOF VAN APPÈL  
VAN SUID-AFRIKA**

Saaknommer : 203/97

In die saak tussen:

**JOHANNES PETRUS RETIEF**

Appellant

en

**DIE STAAT**

Respondent

CORAM : Van Heerden AHR, Nienaber, Plewman ARR

VERHOOR : 20 Maart 1998

GELEWER : 26 Maart 1998

---

**UITSPRAAK**

---

**/NIENABER AR**

NIENABER AR :

Die appellant is in die streekhof tot gevangenisstraf gevonniss. Op appèl na die Transvaalse Provinsiale Afdeling is die termyn daarvan verkort. Met verloop van hierdie hof dring hy nou op nog 'n verdere verkorting aan.

Die appellant, 'n middeljarige blanke man, wat op 10 aanklagte van diefstal in die streekhof tereg gestaan het, het op elke klag skuldig gepleit aan 'n oortreding van artikel 37 van Wet 62 van 1955. Dié oortreding word gepleeg wanneer iemand gesteelde goed ontvang sonder redelike gronde om te glo dat die verskaffer daarvan geregtig was om daarvoor te beskik. Dit is uiteraard 'n minder ernstige oortreding, ofskoon ewe strafbaar, as die ontvangs van gesteelde goed *wetende* dat dit gesteel is. Die appellant se pleit is deur die staat aanvaar. Na skuldigbevinding is hy op elke aanklag tot vier jaar gevangenisstraf gevonniss waarvan 18 maande vir vyf jaar opgeskort is op voorwaarde dat hy nie skuldig bevind word aan diefstal of poging daartoe of aan 'n oortreding van óf artikel 36

óf artikel 37 van Wet 62 van 1955 nie. In die geheel is die appellant dus 'n gevangenisstraf van 40 jaar opgelê met 'n effektiewe komponent van 25 jaar.

Die appellant het oor 'n tydperk van 9 maande 'n verskeidenheid motorvoertuie, meestal bakkies, van sekere verskaffers aangekoop teen oënskynlik uiters lae pryse. In 'n bekentenis wat hy aan die polisie gemaak het en wat na sy skuldigbevinding per ooreenkoms tussen die staat en die appellant se regsverteenvoerder ingelewer is, sê hy onder meer:

“Ek was betrokke by die aankoop en verandering van gesteelde voertuie, wetende dat dit gesteelde voertuie is. Ek verander dit sodat dit blyk wettig te wees.”

Die voertuie wat in die 10 klagtes genoem is, is almal teruggevind. Die appellant het 'n aantal vorige veroordelings waarvan net een (twee klagtes van bedrog waarvoor hy blykens die SAP 69-vorm in 1983 'n opgeskorte vonnis van gevangenisstraf opgelê is) werklik ter sake was. Tereg wys die verhoorhof daarop dat die erns van die misdaad geleë is in die mark wat so iemand vir rowers

en diewe skep, waardeur roof en die diefstal van voertuie bevorder word, in die loop waarvan onskuldige mense deesdae al te dikwels gedood of beseer word.

In die appellant se guns het die verhoorhof daarenteen in ag geneem dat hy berou getoon en sy volle samewerking na sy arrestasie aan die polisie verleen het. Dan

word gesê:

“Die hof is van oordeel dat in die omstandighede die enigste gepaste vonnis gevangenisstraf is. Wanneer die hof dit sê neem die hof in aanmerking die kumulatiewe effek van die vonnis wat die hof gaan oplê. Dan het die hof ook verwys na die genade aspek. In die belang van genade is die hof bereid om ’n gedeelte van die vonnisse wat opgelê gaan word op te skort.”

Teen dié vonnis appelleer die appellant na die Transvaalse Provinsiale

Afdeling. Daardie hof bevind:

“Die effektiewe vonnis wat die appellant opgelê is, is een van 25 jaar gevangenisstraf. Ek is tevrede dat gevangenisstraf die enigste gepaste vonnis is in hierdie saak maar ek is ook tevrede dat, alhoewel die landdros sê dat hy die kumulatiewe effek van die vonnis inagneem, dat hy dit nie sodanig inaggeneem het dat hy ’n

behoorlike en gepaste vonnis opgelê het nie. 'n Vonnis van 25 jaar effektief, alhoewel dit tien klagte is, is 'n geweldige swaar vonnis en ek sal meen dat, inaggenome die kumulatiewe effek van die vonnis op die tien klagte, 'n periode van 15 jaar eerder 'n gepaste vonnis sou wees.

Die verskil tussen die vonnis wat ek sou oplê en die vonnis wat die streeklanddros opgelê het is van so 'n aard dat die vonnis inmenging regverdig.”

Die vonnis word gevolglik gewysig tot drie jaar gevangenisstraf op elk van die 10 klagtes waarvan 1½ jaar vir vyf jaar opgeskort word, 'n effektiewe vonnis van 15 jaar gevangenisstraf.

Ek stem saam dat inmenging met die verhoorhof se vonnis, om die redes deur die hof *a quo* genoem, volkome geregverdig was. Maar met alle eerbied geld presies dieselfde oorweginge ook ten opsigte van die nuwe vonnis wat die hof *a quo* self opgelê het. Met inagneming van die al die versagtende en verswarende omstandighede wat hier ter sprake was, sou 'n vonnis van 10 jaar gevangenisstraf myns insiens meer gepas gewees het. Die verskil tussen 10 jaar gevangenisstraf

en 'n effektiewe vonnis van 15 jaar gevangenisstraf is so aansienlik dat dit opsigself inmenging op appèl sou regverdig. Destemeer is dit die geval waar 'n vergelyking getref word met die volledige vonnis wat deur die hof *a quo* opgelê is, te wete 30 jaar gevangenisstraf. Meermale is al deur die hof geleer dat die opgeskorte gedeelte van 'n vonnis 'n integrale deel daarvan uitmaak (vgl *S v Allart* 1984 (2) SA 731 (T) 733H-734A; *S v Labuschagne and 19 Other Cases* 1990 (1) SASV 313 (E) 315f-g; *S v Ndaba* 1993 (2) SASV 633 (A) 638b-c). Dit beteken nie dat die opgeskorte gedeelte van die vonnis buite rekening gelaat moet word wanneer die kumulatiewe effek van so 'n vonnis oorweeg word nie; wat dit wel beteken is dat die hof van appèl wat die kwessie oorweeg iets moet toelaat vir die moontlikheid dat die opgeskorte gedeelte van die vonnis dalk in werking gestel word. Wat daardie toelating in die huidige geval ook al mag wees, 'n vonnis van 15 jaar plus is net te kwaai.

Waar inmenging op hierdie grondslag geregverdig is, kom dit nie daarop aan

of daar, soos voor hierdie hof betoog is, mistastings deur sowel die verhoorhof as die hof *a quo* begaan is nie.


In beide howe benede is 'n gedeelte van die vonnis vir 'n termyn opgeskort.

Die verhoorhof het dit as 'n kwessie van genade gedoen. 'n Ander oorweging mag juis gewees het om die kumulatiewe effek van die vonnisse wat opgelê is in 'n mate te versag. Na my oordeel is daar in die omstandighede van hierdie geval geen dwingende rede om enige gedeelte van die vonnis op te skort nie en kan die kumulatiewe effek van die vonnis eerder geakkommodeer word in 'n korter termyn van direkte gevangenisstraf. Hierdie hof is by magte om al die klagtes vir doeleindes van vonnis saam te oorweeg en 'n globale vonnis op te lê. Die besware wat daar teen so 'n prosedure bestaan waar 'n laer hof 'n gekonsolideerde vonnis oplê, geld nie waar hierdie hof dit op appèl doen nie (vgl *S v M* 1994 (2) SASV 24 (A) 30j-31e).

Die volgende bevel word gemaak:

1. Die appèl teen vonnis slaag.
2. Die vonnis wat deur die hof *a quo* opgelê is, word tersyde gestel en met die volgende vonnis vervang:

“Die beskuldigde word ten opsigte van al 10 aanklagte tot ’n periode van 10 jaar gevangenisstraf gevonniss.”

  
.....  
P M NIENABER AR

Stem saam :

Van Heerden AHR

Plewman AR